In hierdie artikel is net 'n paar moontlike Bosveldlandskappe behandel. Die moontlikhede is egter legio en 'n mens moet maar net jou oë oop hou. 'n Winterlandskap in die Bosveld, geskep met 'n paar Witstinkhoutbome, kan ook baie aantreklik wees.

Dit is nie nodig om 'n landskap samestelling tot dieselfde spesie te beperk nie, mits die verskillende spesies se behoeftes dieselfde is. Dit is egter meer aanvaarbaar om 'n landskap samestelling in Bonsai tot dieselfde spesie te beperk. 'n Paar van die bekende spesies wat vir sekere landskappe goed behoort te werk is genoem. Dit hoef egter nie slaafs nagevolg te word nie. Die veld lê nog braak en daar is waarskynlik baie ander Bosveldbome wat ook geskik sal wees.

Geniet julleself.

REDAKSIONEEL
ELNA VAN NIEKERK

Ek wil graag 'n hartlike woord van dank uitspreek teenoor al die skrywers van die artikels. Vir my as 'n Bonsai-groentjie was dit 'n voorreg om saam met hierdie mense te werk en 'n bydrae te kon maak tot die simposium. 'n Spesiale woord van dank aan Mitch de Villiers wat al die illustrasies gedoen het.

Ek wil ook hier my man, Dirk van Niekerk bedank vir sy hulp en bystand met die proeflees en voorbereiding van hierdie boekie, asook my Pa, Joek Germishuys wat sy laserdrukker aan my beskikbaar gestel het.